

## 19 September - REGVERDIG

**Skrifgedeelte: Jeremia 23:1-8**

**Fokusgedeelte: Jeremia 23:5-6**

**H**ierdie woorde van die profeet Jeremia wat hy in opdrag van die Here uitspreek, kom teen die einde van die koningstyd in die geskiedenis van die volk Israel.

Vir nagenoeg 50 jaar het Jeremia as profeet in Juda opgetree. Sy “bedieningstyd” het gestrek oor die regeringstyd van koning Josia, Jojakim, Jojagin en Sedekia. Hulle was almal konings wat regeer het, maar – soos ons meer spesifiek van hoofstuk 22 af lees – só regeer het dat die *reg nie meer gehandhaaf is en regverdigheid nie gegeld het nie*.

Jeremia 23 is deel van die profeet se oordeelsaankondiging en volg direk op ’n reeks uitsprake teen die konings en leiers van Juda; uitsprake waarin die laagtepunte van korrupte regering onderstreep word.

Alles is egter nie negatief nie, want in hierdie hoofstuk is daar wel sprake van die herstel van Juda. Jeremia het nie net God se oordeel aangekondig nie, maar ook sy genade. God se genade bestaan uit sy bymekaarmaak van sy verstrooide volk en die aanstel van ’n nuwe, regverdige koning om oor hulle te regeer.

God word nou self hulle Herder (vs 3) en, anders as die aanstelling van die laaste koning, Sedekia, wat deur Babel aangestel is, sal God Self die nuwe koning aanstel. Aan die hoof van die nuwe volk sal weer iemand uit die geslag van Dawid staan.

’n Wonderlike troosboodskap vir die volk om aan vas te hou en ’n wonderlike boodskap vir ons om getroos te lewe. Hierdie Koning, ons Here Jesus Christus, *regeer regverdig oor ons*.

*Sing: Psalm 145:1*

*Ds MP Fourie (Aliwal-Noord)*